

Sing vooraf staande: Psalm 31:8 (p. 145)

8 'n Bitter smart verteer my lewe; / my tyd word deur geklag / verslyt die ganse dag.
Ek voel my kragte my begewe. / My ongeregtighede / deurwoel my kranke lede.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 18:1 (p. 71)

1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 2:2 (p. 5)

2 Maar God die Heer wat sy gedugte stoel / bo sterre stig, sien van sy hoogtes neer;
Hy lag en spot dat hul so vrugt'loos woel / en, magteloos, verniet hul krag verteer.
God sal sy wraak laat neerstraal voor hul oog; / dan gloei die lug van vlammmende onweerslig.
Dis God wat spreek! Hy donder van omhoog / en jaag sy skrik hul in die aangesig.

Skriflesing: Jesaja 1

Teks: Jesaja 1:27; Kategismus Sondag 5

Sion sal deur strafgerig verlos word en die van hom wat terugkeer, deur geregtigheid. (Jesaja 1:27 AFR1953)

Die verlossing gaan kom deur strafgerig oor Sion, en oor die wat terugkeer kom die verlossing deur geregtigheid.

- Die Bybel praat hier van die grootste regsak ooit in die geskiedenis.

Natuurlik moet ons onthou dat die vers soos dit hier staan 'n dubbele tydsbetekenis het.

- Heel eerste sien dit op Israel wat deur God geoordeel gaan word, en die strafgerig wat oor hulle voltrek gaan word, is die ballingskap waarin hulle weggestuur gaan word.
- Maar hierdie strafgerig sien ook op die eindes van die tyd – dit sien op die dag wanneer die hele wêreld deur God geoordeel gaan word en die strafgerig van die hel en die ewige dood oor die ongehoorsames voltrek gaan word.

Nou tref dit ons dat daar in baie duidelike woorde genade beloof word.

- Daar is verlossing moontlik deur die geregtigheid van God.
- Almal word nie sonder meer veroordeel nie!

Dit gaan hier oor die woord **geregtigheid**.

- Ons gaan verlos word DEUR geregtigheid TOT geregtigheid.
 - Deur geregtigheid omdat ons deur die geregtigheid van God in Christus van ons sondes verlos word.
Dink aan Kolossense 1:14:
... in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes. (Kolossense 1:14 AFR1953)
- En dan ook tot geregtigheid omdat God Sion onderrig sodat hy na die geregtigheid van God kon lewe.

Verlossing en geregtigheid raak mekaar op drie punte:

- 1. Ons word verlos volgens die geregtigheid van God.**
- 2. Ons word nie deur eie geregtigheid verlos nie.**
- 3. Ons verlossing is op sterkte van borggeregtigheid.**

1. Ons word verlos volgens die geregtigheid van God.

As ons aan die oordeelsdag dink, is dit altyd met vrees, en met die gedagte van vernietiging.

- Dis ook waarom ons praat van die *oordeelsdag*.
- Omdat ons die handeling waarin God die ongehoorsames veroordeel en in die hel werp, as die sterkste sien.

Dis basies ook waarom ons almal die dood vrees.

- Ons vrees die gerig van die Here omdat ons eintlik almal besef hoe vol sondes ons lewe is.
- En omdat ons besef dat dit daardie oomblik nie moontlik sal wees om vir God te lieg nie.

Nou kom ons Here in sy Woord met die mooie!

- Daar is verlossing moontlik!
- Dis nie waar dat alle mense veroordeel word en in die hel gewerp word nie.
- Deur die geregtigheid van God gaan sekere van ons die ewige lewe beërwe.

Daar is 'n middel waardeur ons die straf kan ontkom en met God versoen word.

- Dit is ook wat die woord *evangelie* beteken. Dit beteken *blye of goeie boodskap*.
- Daar is 'n blye boodskap van God dat die uitverkorenes sy straf sal ontkom!

Die weg na God toe is nie deur die sonde vir ewig gesluit nie.

- Maar dit kan net oopgesluit word deur vir die swaar skuld las teen God te betaal.
- Daar staan tog dat God wil dat aan sy geregtigheid voldoen moet word.

God se geregtigheid betrek sy hele wese.

- Dit gaan daarin om die heiligheid van God.
- Dit gaan om die waarheid en alles wat deur God as waar en reg beskou word.
- Dit betrek selfs die majesteit van die Here – dit raak die eer van God.

God het juis sy reg en geregtigheid vasgestel om daarmee sy heiligheid aan te toon en om ook daarmee sy heiligheid te handhaaf teenoor alle vorme van kwaad of selfs die werk van die satan wat God se heiligheid probeer skend.

- Die eer van die Here sou verval het as Hy die sondaars sommer net so teruggeneem het. Dan was daar geen reg by God nie!
- Die hele kwessie van waarheid by God sou dan ook verval.

NB: *Wat sou dit God baat om 'n standaard van waarheid te hê, maar nogtans die sondaars in sy koninkryk te ontvang wat hulle aan sy eis van waarheid nie gesteur het nie? So 'n god sou inderwaarheid geen eer werd wees nie!*

Daarom het God geen keuse nie. Hy moet die ongeregtigheid straf as dit bedryf word. Ons lees dit in Jesaja 5:16:

Maar hoog sal die Here van die Leërskare wees deur die strafgerig en die heilige van God sal Hom as die Heilige laat ken deur geregtigheid. (Jesaja 5:16 AFR1953)

Ons kan dus net op een manier in die hemel kom! Dit is as daar net aan die reg van God wat geskend is, reg geskied kan laat word.

God se geregtigheid eis dat daar in geen opsig van sy reg afgewyk mag word nie.

- Die rede is baie eenvoudig: Dit is omdat die geregtigheid 'n deel is van God se wese.
- Die geregtigheid eis dat elke oortreder van God se wet gestraf moet word.
- Die geregtigheid van God eis absolute gehoorsaamheid van almal.

Die enigste pad van verlossing vir die sondaarmens is om aan God se geregtigheid te voldoen.

- Daar moet in elke opsig (volkome) vir die sondes van die sondaar betaal word.
- Met dank aan God sluit die wet gelukkig nie die moontlikheid uit dat daar deur 'n ander betaal kan word nie!

Dit is juis die vrug van God se goedheid dat daar 'n Verlosser voorsien kan word!

- Die Heilige Gees laat Paulus in Romeine 3:25, 26 skryf dat die Here Jesus juis daarom deur God voorgestel is in sy bloed as 'n versoening deur die geloof.
- Die Bybel openbaar daar dat die Here Jesus juis die geregtigheid van God bewys het omdat die sondes wat onder die lankmoedigheid van God gedoen is, aan Hom gestraf is.
- In hierdie versoeningswerk van die Here Jesus maak God die wat in Jesus Christus glo, regverdig.

Dink in hierdie verband ook aan 2 Korintiërs 5:21.

- Daar staan geskryf dat God 'n Borg voorsien het vir ons.
- Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak sodat ons deur Hom in die geregtigheid van God kon deel.

2. Ons word nie deur eie geregtigheid verlos nie.

Kom ons ondersoek wat die Bybel leer oor ons eie geregtigheid.

- Onomwonde, duidelik en hard word dit dan gestel dat geregtigheid van ons kant af by God totaal onmoontlik is.
- Ons kan nie geregtigheid by God bewerk nie – ons maak net ons skulde daaglik meer.

Dit is eintlik 'n seer puntjie wat hier aangeroeer word.

- Want almal van ons besit 'n mate van verwaandheid en daarom hou ons nie daarvan dat ons eie geregtigheid so tot in die grond toe afgebreek word nie.
- Ons wil maar eintlik glo dat ons tog tot die goeie in staat is en dat ons tog dinge kan doen wat tel by God.

Die uiterste geval van sulke eie geregtigheid kan ons natuurlik agterkom by die Jode wat in die tyd van die Here Jesus Christus gelewe het.

- Hulle het die Tien Gebooie geneem en hulle het nog 'n paar duisend wette gaan byvoeg.
- So geweldig baie wette dat hulle geglo het dat as hulle hul eie bywette onderhou, die Tien Gebooie ongeskonde onderhou sal word.
- Maar op dié manier het hulle die Tien Gebooie heeltemal vergeet, en net hulle eie gebooie onthou.

Daarom kon hulle dit net nie aanvaar of verwerk dat Jesus hulle as vals en as witgepleisterde grafstene uitgeskel het nie.

- Hulle kon net nie glo dat hulle nie self die paadjie hemel toe kon bou met hulle eie goeie werke nie.
- Want met die Here Jesus se prediking van die wet het hulle goeie werke waarin hulleself so belangrik was, in duie gestort.

Kyk maar na die heidene.

- Vir hulle is eie geregtigheid ook die basis van sy lewe – hulleself het die mag.
- Hulle het die krag in hulle hande om te doen wat hulle wil en soos hulle wil.

Hierteenoor sê die Here se evangelie:

- Jy kan nie.
- En geen mens kan nie.
- Slegs ons God kan dit vir ons doen!

Daarom veroordeel die Here eie geregtigheid in sy kerk so geweldig.

- Eie geregtigheid verkanker die geloof van die Godskind.
- Dit laat ons meer van onself glo as waartoe ons in staat is.
- Job het al hierdie waarheid besef toe hy uitgeroep het:
Hoe sou dan 'n mens regverdig wees by God? En hoe sou hy rein wees wat uit 'n vrou gebore is? (Job 25:4 AFR1953)

Job vertel dat ons nie eers 'n berg kan versit nie en ook nie eers die son kan uitblus nie.

- Hoe sal ons onself voor God kan regverdig, want Hy het die berge laat ontstaan waar hulle is en Hy het die son gemaak en hou dit in stand?
- Ons het teen die toorn van God uit onself geen krag nie!

Maar, nou is die saak nog erger! Ons werk inderwaarheid negatief.

- Ons is nie net **nie** in staat om onself te verlos nie, maar ons vergroot ons sondeskuld steeds elke dag.
- *Ons maak selfs die skuld nog daaglik meer*, sê die Kategismus.
- Christus het self ook gevra: Wat sal die mens gee as losprys vir sy siel?

3. Ons verlossing is op sterkte van borggeregtigheid.

Ons kan met ons geregtigheid nooit 'n volledige gehoorsaamheid voor God bereik nie!

- Ons kan onself nie help nie – ons is ons eie struikelblok.
- Ons trane en ons opofferinge en offers aan die Here bewerk nie ons geregtigheid nie.
- Maar as ons nie ons offers bring nie, dan bewerk dit ons oordeel!

Eintlik is die dinge baie logies, want as ons in staat was om onself te verlos, was onself God. Dan het die hel buitendien nooit 'n bedreiging vir ons ingehou nie!

Daarom die derde vraag in ons belydenis wat leer dat daar wel 'n manier is waarop daar vir ons geregtigheid by God is.

- Daar moet net iemand gevind word wat in ons plek die oordeel van ons sondes sal dra.
- Jesaja skryf al in hoofstuk 63:1 dat Hy 'n Verlosser met bloedrooi klere sien kom wat God is, en wat magtig is om te verlos.
- Die bloedrooi klere leer ook dadelik van die bloed van Christus wat sou vloei.

Nou moet u oplet watter geweldige eise word aan hierdie Verlosser gestel.

- In die eerste plek moet Hy 'n mens wees, want God straf nie 'n ander natuur as die een wat gesondig het nie.
- Dit staan in Hebreërs 10:4 geskrywe:
...want die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem. Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom: Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My 'n liggaam berei. (Hebreërs 10:4, 5 AFR1953)
- Vers 5 leer dat die Here juis 'n liggaam berei het waaraan die sonde gestraf kan word – die offers was slegs herinneringe aan die sondes en profesieë dat iemand uiteindelik daarvoor sou betaal.

Dit is die eenvoudige rede waarom daar nie 'n engel kon kom om vir ons gestraf te word nie, want hulle is andersoortige wesens.

- Dis ook waarom daar nie vir hulle vergewing van sondes moontlik is nie, want die Here Jesus Christus sterf as mens en nie as 'n engel nie!
- 'n Engel is ook nie onder die wet gebore nie en die Een wat ons met God sou versoen, moes juis onder die wet gebore wees!

Die Verlosser moes dus logies 'n mens wees wat deur wetsonderhouding die guns van God herstel.

- Dit sou egter nie veel help as die Versoener net 'n goeie mens is nie, want 'n mens kan nie die dood oorwin nie.
- Om 'n goeie mens vir die ander te laat boet, sou maar net prakties beteken dat 'n goeie mens uit die lewe weggevoer word – want hy sal steeds nie die dood kan oorwin nie.

'n Mens alleen kan ook nie ander skuldiges verlos nie, want die persoon wat die verlossingswerk moet doen, moet juis onskuldig wees en ook die dood oorwin.

- Daar is 'n rede voor – die dood is juis 'n vloek wat deur God ingestel is.
- Dit was die straf op die sonde.
- Dit is die simbool daarvan dat God ons verwerp omdat ons nie gehoorsaam is nie.

Daar moes dus iemand kom wat die vloek uit die dood uithaal.

- Met ander woorde, iemand wat self die vloek moes dra.
- As dit sou gebeur, dan sou die dood nie meer die hel as eerste gevolg hê nie, maar dan sou die dood net 'n deur word waardeur ons uit hierdie wêreld in die wêreld hierna ingaan.

Die verlosser moes ook nog 'n eienskap hê. Hy moes die mag hê om te verseker dat die borgskap wat hy bied, geldig is by God.

- Daarom is die Here Jesus Christus gebore – die Seun van God.
- Of, soos Johannes dit stel: Die Woord van God het vlees geword en onder sy mense kom woon.

Ons verlossing word dus 'n werklikheid in die Here Jesus Christus.

- Hy sterf as mens – maar hy borg ook die verlossing as God.
- Hy doen dit deur uit die dood uit terug te kom in die lewe in.
- Selfs die grafte rondom Jerusalem het party oopgebreek en van die mense het uit die dood opgestaan en aan die mense in die stad kom verskyn.

... en die grafte het oopgegaan en baie liggeme van die ontslape heiliges het opgestaan. (Matteus 27:52 AFR1953)

Daarmee lewer die Here Jesus al dadelik die bewys dat Hy ons ook so uit die dood sal terugbring.

Die verdere bewys van die beslistheid waarmee God ons deur hierdie Middelaar verlos, is die feit dat die Gees van God na sy hemelvaart teruggekeer het om in ons te woon. Hierdie keer met die doel om die verlossing in ons hart en verstand te realiseer.

Hoe kom ons dan in die hemel? Paulus antwoord in Romeine 1:16, 17: Deur die geloof in hierdie Jesus Christus alleen.

Kom ons lees die Heidelbergse Kategismus Sondag 5 saam. Daar bely ons hierdie dinge in hoofsaak:

Vraag 12: Aangesien ons volgens die regverdige oordeel van God die tydelike en ewige straf verdien het, hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?

Antwoord: God wil dat daar aan sy geregtigheid voldoen word (a). Daarom moet ons óf deur onself óf deur 'n ander ten volle betaal (b).

(a) Gen 2:27; Eks 23:7; Eseg 18:4; Matt 5:26; 2 Tess 1:6; Luk 16:2. (b) Rom 8:4.

Vraag 13: Kan ons deur onself betaal?

Antwoord: Nee, glad nie; ons maak juis ons skuld elke dag nog groter (a).

(a) Job 9:2; 15:15, 16; 4:18, 19; Ps 130:3; Matt 6:12; 18:25; 16:26.

Vraag 14: Kan enige ander skepsel vir ons betaal?

Antwoord: Nee, want ten eerste wil God aan geen ander skepsel die skuld straf wat die mens gemaak het nie (a). Ten tweede kan geen gewone skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsels daarvan verlos nie (b).

(a) Eseg 18:4; Gen 3:17. (b) Nah 1:6; Ps 130:3.

Vraag 15: Hoe 'n middelaar en verlosser moet ons dan soek?

Antwoord: So een wat 'n ware (a) en regverdige (b) mens is, maar nogtans ook sterker as alle skepsels is, dit wil sê wat terselfdertyd ware God is (c).

(a) 1 Kor 15:21; (b) Heb 7:26. (c) Jes 7:14; 9:5; Jer 23:6; Luk 11:22.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 33:5 (p. 159)

- 5 Die HEER se woord is skeppingsmagtig / wat lewe uit die dood gebied.
Hy spreek – dit staan daar lewenskragtig, / Hy roep net en dit het geskied.
Nasies en tiranne / smee verniet hul planne / in die vlam van haat.
Hy wat groot van mag is, / weet wat daar bedag is / en verbreek hul raad.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 5 Februarie 2012